



#1

GELD GROEI AAN BOME

God herinner ons dat ons rentmeesters is van hierdie skepping en alles daarin. In **Genesis 1:28** seën God die mens en gee die opdrag: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.” Dit is ‘n groot voorreg en ‘n groot verantwoordelikheid.

Die gedeelte in **Lukas 12:42-48** herinner ons ook dat ons verantwoordelike rentmeesters moet wees. Ons sien egter hoe maklik dit is om die wêreld se hulpbronne uit te buit vir ons eie selfsugtige behoeftes – dis nie hoekom God hierdie geskenk vir ons gegee het nie. Die geld (of die hulpbronne van die wêreld) behoort op die ou end altyd aan God en moenie deur ons versamel of opgegaan word nie. God se wêreld en hulpbronne is bedoel om geniet, gebruik en gedeel te word.

Daar is ‘n gesegde wat sê ‘geld groei nie aan bome nie’ en ons lewe maklik met hierdie gevoel van iets wat te min is en kan opraak. God belowe ons egter dat hy vir ons sal gee wat ons nodig het. Partykeer kyk ons dit net mis... Is dit omdat ons meer wil hê as wat ons nodig het? Is dit omdat ons, onself vergelyk met dié wat meer het as ons (en dat ons liefs nie onself vergelyk met dié wat minder het as ons nie)? Is dit omdat ons vergeet het van God se belofte?

Geld groei aan bome. Om dit te besef, om die hulpbronne van die wêreld verantwoordelik te gebruik en om te oefen om dit te deel, begin met die **geestelike dissipline van dankbaarheid!** En ons gaan dit hierdie week inoefen.



Week #1 Geestelike Dissipline Dankbaarheid

Dit is om sensitief te wees vir die Heilige Gees wat ons aanmoedig om met dankbare harte te lewe. Bewus van God se werk in my lewe en alles wat Hy vir my gegee het (dink veral aan die tasbare goed in jou lewe, die hulpbronne in jou lewe). Dankbaarheid is 'n manier om te reageer op God se teenwoordigheid in jou lewe. Dit strek egter dieper en verder as dankbaar wees vir daardie 'seëninge' tot by daardie tye wanneer jy 'n gebrek aan 'seëninge' ervaar.

Lees hierdie teksgedeeltes

- Psalm 136:1-2
- 1 Tessalonisense 5:16-18
- Filippense 4:6

Vrae vir refleksie

**Reflekteer alleen oor hierdie vrae of bespreek dit in jou kleingroep.*

1. Wanneer dit voel of jy aan die onderkant van die voedselketting is, die heel laagste prioriteit, hoe beweeg jy van daar af na dankbaarheid?
2. Wanneer in jou lewe het jy al (in retrospek) agtergekom dat jy vir iets moes dankbaar wees, maar nie op daardie oomblik toe dit gebeur het was nie? Hoe kan hierdie perspektief jou lewe nou inlig?
3. Hoe het 'n dankbare persoon jou eie idees oor wat saak maak in die lewe beïnvloed? Hoe het iemand wat uit bitterheid leef jou lewe beïnvloed?
4. Hoe is jy verslaaf aan kritiek, oor-analisering en negatiewiteit?
5. Hoe kan dankbaarheid 'n teenmiddel vir 'n kritiese gees wees?



Prekebreeks KWARTAAL 3 | RENTMEESTERSKAP

Geestelike oefeninge

**Kies 1-2 (of meer as jy kans sien) van die volgende geestelike oefeninge om die dissipline van dankbaarheid in te oefen.*

- 1** Begin 'n **dankbaarheidsjoernaal** deur rekord te hou van die seëninge wat God vir jou gegee het. Dit hoef nie net abstrak te wees nie, wat is die tasbare dinge waarmee die Here jou seën? Skryf langs elke seëning wat dit vir jou beteken om 'n God te hê wat ingryp in jou lewe. Let op dit wat vir jou gegee is, wat jy nie verdien het nie. jy gegee is wat jy nie verdien het nie. Wat wil jy vir God sê oor hierdie dinge?
- 2** **Gebed.** Sluit elke dag af deur vir God dankie te sê vir ten minste een ding. Vertel dan vir God wat daardie een ding vir jou beteken het.
- 3** Skryf 'n **dankie sê-brief** aan iemand wat jou lewe aangeraak het in die afgelope jaar, die afgelope maand, die afgelope week.
- 4** Dink aan iets in jou lewe wat jou nou onderkry. Hoe voel jy oor hierdie **swaarkry**? Vertel vir God die waarheid. Waar is daar bewyse van God se teenwoordigheid in hierdie swaarkry? Is daar enigiets waarvoor jy dankbaar kan wees? As jy God nie in jou swaarkry kan vind nie, spandeer tyd saam met Jesus in die tuin van Getsemane. Wat wil hy vir jou sê?
- 5** Watter tipe dinge moedig jou aan om dankbaar te wees. Spesiale liedjies? Stiltetyd? Tyd saam met vriende? Geskenke gee en ontvang? **Beplan** om een van hierdie dinge 'n gereelde instelling in jou lewe te maak. Wees spesifiek – kies 'n tyd/plek/persoon/frekwensie.
- 6** Hou 'n **dankie sê-partytjie**. Nooi die mense wat jy wil eer met 'n dankie sê.



Preebreebs KWARTAAL 3 | RENTMEESTERSKAP

7 **Wees kreatief.** Begin 'n dank sê-plakboek. Behalwe vir foto's, prente, en sketse, skryf ook jou dankgebede neer.

8 Let op jou neiging **om te vergelyk** wat lei tot gevoelens van ontevredenheid of aanspraak. Moenie fokus op wat jy nie het nie, maar op dit wat jy wel het.

Gebed vir die week

Here, U is 'n vrygewige God.

Help my om ook so vrygewig te wees.

Help my om te deel, dit wat ek is en wat ek het.

Help my om hardop dankie te sê vir ander, en vir U.

Help my om elke dag bewus te wees van die seëninge en geskenke wat U vir my gee.

Help my om dit nie te probeer versamel of opgaar nie, maar dit te geniet, te gebruik en te gee.

Here, vandag sê ek dankie.

Amen.

